

## Gelowiges se verlossing – vas en seker

**Peterson, Robert A.** 2009. **Our secure salvation: preservation and apostasy.** New Jersey: P&R Publishing. 239 p. Price: \$14,99. ISBN: 978-1-59638-043-1.

**Resensent:** P.H. Heystek  
Gereformeerde Kerk Pretoria-Montanapoort

Peterson slaag daarin om 'n moeilike teologiese onderwerp op so 'n wyse aan te bied dat dit meer as die moeite werd is om hierdie boek te lees. Inderdaad, hierdie keurig versorgde publikasie is nie bloot 'n leesboek nie, maar veral 'n werkboek.

In nie minder nie as twaalf hoofstukke word die tergende teologiese debatspunt van verlossing behandel met 'n beklemtoning van God se ewige bewaring asook die werklikheid om van God afvallig te raak. Alhoewel Peterson erken dat die saak van bewaring en die moontlikheid om van God afvallig te raak in die Nuwe Testament in detail hanteer word, beklemtoon hy dat die begroning vir die onderwerp in die Ou Testament geanker is.

Hoofstuk 2 bied daarom 'n eksegeties verantwoordelike vertrekpunt vanuit die Ou Testament. Vanuit die Ou-Testamentiese begroning word in hoofstuk 3-6 'n volledige uiteensetting van God se bewaring van mense gegee. Die volledigheid spreek daarin dat Peterson genoemde hoofstukke verdeel in:

- Bewaring en die Evangelies: hoofstuk 3
- Bewaring en die Pauliniese geskrifte: hoofstuk 4 en 5
- Bewaring met verwysing na Hebreërs, 1 Petrus, en 1 Johannes: hoofstuk 6

Die wetenskaplike ewewig word gehandhaaf deurdat die outeur in hoofstuk 7 tot 11 die perspektief rakende afvalligheid aansny en die hoofstukke verdeel in:

- Waarskuwings in die Evangelies en Handeling: hoofstuk 7
- Waarskuwings by Paulus: hoofstuk 8 en 9
- Waarskuwing in die Hebreërbrief: hoofstuk 10

- Waarskuwing in die res van die Bybel en Openbaring: hoofstuk 11

In hoofstuk 12 bied Peterson 'n logiese en sinvolle samevatting.

Die waarde van hierdie keurig versorgde boek is te vind in die diepgang van die eksegetiese, die keuse van 'n veelvoud van Skrifdele wat verband hou met die onderwerp en die handhawing van 'n balans ten opsigte van teksgedeeltes uit sowel die Ou as die Nuwe Testament.

Wat die algemene beoordeling van die boek betref, kan genoem word dat dit vakkundig van aard is en nie die algemene lesersmark sal bedien nie. Die boek is in maklik leesbare Engels geskryf wat dit moontlik maak om die eksegetiese detail met gemak te volg. Die logiese opbou in die uitleg van Skrifdele help mee dat die boek die leser inspireer om nie net sekere hoofstukke te lees nie, maar die boek as in geheel te waardeer. Die indeks van Skrifdele, onderwerpe en name wat in die boek gebruik is, is nie slegs handigbruikbaar nie, maar getuig ook van die diepgang van die navorsing en die keurige aanbieding van die stof.

*Our secure salvation* word aanbeveel vir predikante, teologiese student en ernstige Christenlesers wat in die diepere waarhede van die Skrif wil delf. Hierdie boek is 'n keurige uiteensetting van die ewige waarheid dat die gelowige se verlossing in die lewende Here vas en seker is.